REPRODUKSIE SE INVLOED OP SELEKSIE EN WINS

Leslie Bergh, LNR-Diereproduksie Instituut, Irene

HOEKSTENE VAN REPRODUKSIEBESTUUR

Reproduksie is die basis van die produksieketting en die enkele aspek wat die grootste invloed het op die winsgewendheid van 'n vleisbeesboerdery. Reproduksiebestuur berus op vier bene, naamlik voeding, kuddegesondheid, selekesie vir vrugbaarheid en paringsbestuur. Alhoewel dit as vanselfsprekend aanvaar word dat goeie rekordhouding die basis is vir die effektiewe bestuur van elk van bogenoemde aspekte, is dit skokkend hoeveel vleisbeesboere baie min, indien enige, reproduksie- en produksierekords hou van hul diere.

INVLOED OP SELEKSIEDRUK

Tabel 1 illustreer die invloed van kalfpersentasie op selesiedruk. Die aannames is dat dit 'n teelkudde van 100 koeie is, die mortaliteite 3-5% per jaar is, alle nie-dragtige koeie verkoop word nadat dragtigheidsondersoeke gedoen is en 'n verdere 10% van die koeie jaarliks uitgeskot word op grond van ouderdom, swak prestasie, ensovoorts.

Tabel 1 *Die invloed van kalfpersentasie op seleksiedruk.*

Kalf %	**Vrektes (3 - 5%)**	**Beskikbare verse**	**Dragtige verse**	**Uitskot Nie gekalf**	**Uitskot Oud en ander**	**Totale uitskot**	**Surplus of tekort**
95	3	46	44	5	10	15	+29
85	3	41	35	15	10	25	+10
80	3	39	31	20	10	30	+1
75	3	36	27	25	10	35	-8
65	3	31	20	35	10	45	-25
55	3	26	14	45	10	55	-41

Die ideaal is om, so gou moontlik nadat die dekseisoen verby is, alle nie-dragtige koeie te verkoop en te vervang met dragtige verse. Tabel 1 toon aan dat, indien die kalfpersentasie onder 80% daal, dit nie moontlik is nie, omdat koeie en/of verse wat nie dragtig is nie, in die kudde gehou moet word om getalle te handhaaf. Doeltreffende seleksie vir vrugbaarheid vereis dus 'n kalfpersentasie van minstens 80%.

INVLOED OP WINS

Navorsing het aangetoon dat 'n 10% verbetering in reproduksietempo 'n kudde se netto inkomste met 8% verhoog.

Tabel 2 illustreer die uitwerking van kalfpersentasie op die jaarlikse bruto inkomste in 'n kudde waar 20% koeie jaarliks uitgeskot word. Die aannames is dat dit 'n teelkudde van 100 koeie is, die speengewig van bulkalwers 230 kg is, die van verskalwers 210 kg en die gewig van uitskotkoeie 500 kg. Die uitslagpersentasie van uitskotkoeie is 50%. Die speenkalwers word teen R12,50/kg lewende gewig en uitskotkoeie teen R17.30/kg karkasgewig verkoop.

Tabel 2 *Die invloed van kalfpersentasie op die jaarlikse bruto inkomste van 'n vleisbeeskudde.*

Kalf %	**Vrektes (3-5%)**	**Verkoopbare kalwers (Bulle+Verse)**	**Uitskot koeie**	**Inkomste Kalwers (R)**	**Inkomste Uitskotkoeie (R)**	**Totale inkomste (R)**
95	3	46 + 26	20	200 500	86 500	287 000
85	3	41 + 21	20	173 000	86 500	259 500
75	3	36 + 16	20	145 500	86 500	232 000
65	3	31 + 11	20	118 000	86 500	204 500
55	3	26 + 6	20	90 500	86 500	177 000

Die berekening toon aan dat indien die kalfpersentasie van 55% tot 95% verhoog word, die bruto inkomste per jaar met R110 000 (62%) verhoog word in 'n koeikudde van 100 diere. Anders gestel, as die kudde se kalfpersentasie 55% is, verloor die boer R110 000 van sy potensiële bruto inkomste per jaar.

Dit laat jou dink, nê?